

Woensdag 10 Julie

Skrifgedeelte: Johannes 7:1-24

Fokusgedeelte: Johannes 7:20-21

Jesus Christus is die waarheid wat verdeeldheid kan bring!

Jesus het gereeld tydens die godsdienstige feeste na Jerusalem, na die tempel gegaan om daar te preek en op te tree. By elkeen van hierdie feeste het die HERE Jesus Homself geopenbaar. Hy het die ware betekenis van die feeste verduidelik, en die belangrikste van alles: Hy het aan die volk geopenbaar hoe die feeste hulle vervulling in Hom vind. Hy is die Een na Wie hierdie feeste verwys.

Tog is Jesus en sy boodskap nie altyd ewe goed aanvaar nie. Party was beïndruk deur Hom, terwyl ander gesê het dat Jesus die skares bedrieg. Veral die Joodse leiers was nie tevrede met Jesus se optrede nie. Wie was Hy nogal om hulle te onderrig? Waar kom Hy aan sy kennis?

Toe Jesus hoor wat die leiers sê, het Hy gereageer deur te verklaar dat Hy by God self geleer het. Al wat Hy nou doen, is om sy kennis met ander te deel. Hy kom soek nie sy eie eer nie. Hy wil nie deur die skares opgehemel word nie. Hy wil slegs God verheerlik!

Jesus se woorde bring egter verdeeldheid. Sy beskuldiging dat hulle nie die wet van Moses onderhou nie, is die laaste strooi. Dit dryf hulle tot moordgedagtes. Toe Jesus hulle daarop wys, maak hulle Hom tot leuenaar. Die mag van die sonde het die mense verblind. In Jesus wat die waarheid van God is, het hulle met God self te make, maar hulle verwar Hom met die duiwel. As hulle die wet geglo het, sou hulle geglo het in Hom van Wie die wet getuig: Jesus Christus, die Seun van God.

Geseënd is ons wat nie dieselfde fout maak nie. Ons ken God. Ons moet al sy werke sien en Hom daarvoor eer. Ons kan nie bekostig om Hom met die “opposisie” te verwar nie!

Sing: Psalm 119-1:33, 36

Dr. De W Saaiman (De Wet) (Krugersdorp)